# TUINROETE PELGRIMSTOG VAN HOOP - 14DAE - 2023

| **ROETE:** | UNIONDALE TOT MOSSELBAAI | **DATUM:** | 01 OKT - 14 OKT |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Ons pelgrimstog word voorafgegaan deur 'n besoek aan Pinnacle Point se unieke mosaiek tonnel waar Amos, voorsitter van die kultuur vereniging, ons verwelkom met 'n skyfie vertoning en toer deur die tonnel. Ons begin ons Pelgrimstog vanaf Uniondale se kerk waar ons koffie, beskuit en pakkie ontvang wat bestaan uit rooi hoed, pelgrimspaspoort en roetegids. Met die uitstap uit die kerk, lui die kerk klokke totdat ons om die eerste draai stap. Elke herbergier op die roete het ons met soveel gasvryheid ontvang. Die verblyf op die roete was werklik 'n luuksheid en kos heeltemal te veel en baie smaaklik. Alhoewel die pad baie hard was, is die natuurskoon van die Karoo, deur die Langkloof en seelangs net mooi. Sommige van ons het blase gehad op die voete, maar die lekkerte het geen einde gehad. 4 uit die 8 stappers het mylpale behaal met kilometers. Kobus Terblanche 1000km, Sharon Visser 2000km, Mariana du Toit 3000km en Steph du Toit sy 4000km. Dit is natuurlik behoorlik gevier met sjampanje en luide toejuiging. Die rooi hoede word oral erken en motors toet en mense waai en stop om te gesels met ons. Soms kry ons 'n kospakkie vir die dag en ander dae word piekniek tafels langs die pad opgeslaan deur gasvroue en verwys ons na onsself as rawe, want die kos en drinkgoed verdwyn voordat jy jou oog kan knip. Ander kere word ons ontvang in 'n klein huisie met soveel liefde en 'n vuurtjie wat brand terwyl daar in eenvoud roosterkoeke, konfyt en kaas uitgehaal word. By Holgate moet ons 4km trollie trap op die spoor wat gesorg het vir groot pret. Op dag 14 word ons deur Ds Gerrie, Irma en Zurika ingewag op Dias strand. Hulle stap laaste 14 km saam met ons deur Mosselbaai. Ons ontvang nagmaal by die Klipkerk en stap dan aan tot by die St Blaze Lighuis waar ons staptog eindig. Ons ontvang sertifikate en weer sjampanje. Van Tolbosse in die Karoo tot Walvis vinne in die tuinroete sal ons hierdie stap baie lank onthou asook die samesyn van hierdie 8 mede stappers. Dit is voorwaar 'n hoogs aanbevole ervaring vir almal. Die Pelgrimstog van Hoop was vir ons meer as net n stap. Hoogte geklim 3864m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Niel Visser | 2023036 | R 70 | 274 | |
| Sharon Visser | 2023035 | R 70 | 274 | |
| Kobus Terblanche | 2023040 | R 70 | 274 | |
| Edna Terblanche | 2023041 | R 70 | 274 | |
| Arrie van Eck | 2023148 | R 70 | 274 | |
| Arina van Eck | 2023147 | R 70 | 274 | |
| Steph du Toit | 2023031 | R 70 | 274 | |
| Mariana du Toit | 2023032 | R 70 | 274 | |
| | | | | |
| **TOTALE:** | | **R 560** | **2192** | |

| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Niel dra eie sakkie |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | HOPE PLEISTERS |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Dirk en Rolene du Toit, Miranda Myburgh, Amanda Kapp, | Netarie Verwey |
| Hannetjie Loots en Helmien, Barbara Willemse | |

| **VERSLAG DEUR:** | Sharon Visser |
|---|---|